higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

13 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: ONTLEDING VAN KUNSWERKE

1.1 1.1.1 Figuratief. Verwys na die menslike figuur al het hulle dierlike koppe. (2)

1.1.2 Student se mening
Kunstenaar maak 'n stelling oor die ontmensliking van mense.
Alhoewel hulle soos monsters lyk, is hulle voorkoms ook dié van slagoffers – ruggrate beskadig, wonde ens.
Monde ontbreek – hulle het geen stem nie. (5)

1.1.3 Student se mening (3)

1.2 1.2.1 (a) B – klip in natuurlike staat – geen detail – oordrewe vroulike eienskappe (borste, maag, geslagsorgane) – geen gelaatstrekke
C – gladde marmer – baie gedetailleerd
(b) B – ruwe tekstuur – versterk die kruheid van die beeldhouwerk - simbolies
C – glad gemaakte oppervlak om 'n meer naturalistiese gevoel aan die menslike liggaam te gee – geïdealiseerd
(2 × 2) (4)

1.2.2 Student se mening (4)

1.2.3 Student se mening (2)

1.3 1.3.1 Droefheid, wanhoop, terneergedruktheid
Oorwegende gebruik van swart op die figure en omringende area – kontrasteer met die wit van die spookagtige figuur in die agtergrond – gebruik van harde, reguit lyne – die postuur van beide moeder en kind – haar geboë rug – albei se koppe kyk af – hartseer gesigsuitdrukking (4)

1.3.2 Hoofsaaklik sterk, harde vertikale lyne versterk die gevoel van terneergedruktheid en droefheid – kontrasteer met gebrek aan lyne op haar swart rok – beklemtoon die weduwee in rou – slegs reguit lyne is gebruik – geen versagting van die situasie – beklemtoon moeilike tye (3)

1.3.3 Die gebruik van linosnee as medium laat kunstenaar toe om meer dramaties te wees in 'n swart en wit afbeelding – lyne wat geproduseer word kan harder wees wat die gevoel van emosionele pyn versterk.

Student se mening (3)

1.4 1.4.1 Melancholie, droefheid, hartseer
Die man se postuur stel 'n ou, moeë kitaarspeler voor – Hy lyk uitgeteer en afgerem maar hou steeds die kitaar vas (simbool van hoop) – Sy benerige gestalte laat hom terneergedruk en gebroke lyk.
Details is oordrewe om 'n meer dramatiese effek te skep – kop lyk langer en voete lyk groter.
Identifiseerbare onderwerp – alledaagse toneel van bedelaars op straat. (4)

1.4.2
- Die kitaar
- Diagonale lyn trek die oog
- Sy plasing in die kunswerk – groot, sentrale beeld (3)

1.4.3 Gebruik van buitelyn skep 'n plat 2-D-vorm. Details uitgelaat en skaal gemanipuleer om verlengde, elegante proporsies te skep – intensifiseer die stille bepeinsing van die kitaarspeler. Lynvariasie laat visuele beweging toe – kyker se oog begin by die kitaarspeler, beweeg na die kitaar en dan na die agtergrond. Sterk diagonale lyn van die kitaar kontrasteer met die horisontale en vertikale lyne van die figuur. (3)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

2.1 **PREHISTORIESE KUNS**

2.1.1 Het natuurlike hulpbronne gebruik vir sowel gereedskap as kleurpigment om kunswerke te skep. Het skilderye en graveerwerk op mure van grotte en rotsoppervlakke geskep.
Rooi – hematiet, oker of ysteroksied gemaal tot 'n fyn poeier
Swart – houtskool, roet en mangaan
Wit – silika, klei, gips, kaolien en voëlmis
Geel – limoniet of geeloker
Borsels is gemaak van voëlvere wat in dun riete gesteek is. Borsels van dierehare is ook gemaak. Ystervarkpenne vir dun lyne. Graveerwerk met skerp klippe of spiese. Vingerverf of handafdrukke. (10)

2.1.2
- Voorvaderkultusse is die mens se mees basiese godsdienstige geloofsoortuiging.
- Die belangrikste geestelike wese van die San was Kaggen – die bedrieërgod – hy het alle dinge geskep. Hy verskyn in tallose mites. Die hottentotsgod is slegs een van baie manifestasies – hy kan baie vorms aanneem (diere en voëls).
- Alle Boesmans glo in die geeste van die afgestorwenes.
- Godsdiens is ingeweef in die daaglikse bestaan. Menings oor en die houding teenoor die bonatuurlike is belangrik.
- Boesmans se sienings oor sjamaans verklaar die dierekenmerke, die hare en die sleeplinte wat soms in skilderye aangetref word.
- Hulle vertel stories deur hulle skilderye.
- Magiese slange
- Meisies deur weerlig doodgeslaan verander in sterre
- Sterftes as gevolg van reën – verander in water, blomme of wolke
- Die mens kon ná die dood in 'n gevleuelde dier verander
- Hulle het fantasieryke skepsels geteken
- Die ervaring van droom het die primitiewe mens geleer dat die liggaam 'n gees bevat wat die liggaam na willekeur kan verlaat en self kan rondbeweeg.
- Hulle het geglo dat die dood aan slaap gekoppel is. (10)

2.1.3 PETROGLIEF – graveerwerk op rotsoppervlakke
PIKTOGRAM – skildery op rotsoppervlakke of grotmure

Student se mening
VOORBEELD VAN PETROGLIEF:
LITTLE JACKAL OF MAANHAARRAND
Uit die vroeë graveertydperk – Ingekeepte graveerwerk – geskep deur 'n lyn in 'n rots te krap – kalligrafiese tegniek – Buitelyn-graveerwerk wat baie skaars is – Laterale aansig – Kuns van die enkelvorm, dws slegs een dier op 'n rots – Dier lyk rustig en afgesonder van die wêreld – Statiese houding – uitstekende tegniese vaardigheid – Toon geniale waarnemingsvermoë - Wisselende hoeke – Oorgang van soliede vorms na delikate eindpunte – Geen verwringing of verlenging
VOORBEELD VAN PIKTOGRAM:
N'KOSASANA ELAND – NOORDOOS-KAAP
Beeld 'n enkele eland uit – Dit is 'n ongeskakeerde bichromatiese skildery (piktogram)
3-DIMENSIONALITEIT geskep deur: Syaansig, agterlyf effens gedraai. Wit is gebruik om die verste ledemate uit te beeld. Daar is 'n kleurskeiding tussen die nek en skouers. Die klein bruin lyn op die voorkop versterk die 3D-affek.
EENHEID geskep deur: Wit vorm van voorpoot is al langs die abdominale lyn verleng; die wit vorm en die bruin vorm word dus gekombineer – skep 'n gevoel van eenheid. Verlenging van bruin lyn vanaf skouer tot by voorkop. (20)

EN/OF

2.2 VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS

Verwys na stilistiese kenmerke, tegnieke en onderwerpe van elke kunstenaar.

Student se keuse
Byvoorbeeld Irma Stern, Walter Battiss, Baines, Bowler, Jackson Hlungwane
Enige ander toepaslike kunstenaar (2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

3.1 HINDOE-KUNS

Baie van die kuns is godsdienstig – simbolies ten opsigte van gebare en voorwerpe wat by die kunswerk ingesluit is. Gebruik vir gebed (puja) – daar is geglo dat 'n beeldhouwerk, beeld of ander simbool van 'n god met die god se kosmiese energie gevul is, eerder as wat dit die god self is. Meervoudige arms toon die mag van die gode – vermoë om verskeie dade terselfdertyd uit te voer – dit was 'n eenvoudige, effektiewe manier om die god as alomteenwoordig en almagtig uit te beeld. Demone word uitgebeeld met meervoudig koppe – toon hulle bomenslike mag. Die gebruik van meervoudige koppe of ledemate – toon wisselende aspekte van die karakter van die god. Geen individualiteit – figure word uitgedruk as vorms wat meer perfek is as enige van dié van menslike modelle.

Byvoorbeeld Shiva Nataraja 12de eeu (Chola-dinastie)
Brons. Gewilde beeld van Shiva (een van die hoofgode van Hindoeïsme) as Nataraja ('Lord of the Dance') wat die Kosmiese Dans uitvoer. Uitstekende balans en harmonie. Twee hande hou simboliese voorwerpe vas, naamlik 'n vlam en 'n drom wat vernietiging en skepping simboliseer. Die ander twee hande word getoon in voorgeskrewe gebare bekend as *mudra.* Hy dans op 'n demoniese dwerg – stel onkunde voor. Shiva dans binne 'n ring van vlamme. Die herhaling van vlamme sorg dat harmonie van die beeld behoue bly.

Asaveri met 'n Kobra 1605
Verf op papier – miniatuur uit Udaypur in Rajasthan toon die volhoubaarheid van die Hindoe-skildertradisie – musikale manier – die noue band tussen Hindoe-kuns, -musiek en -digkuns word uitgelig. Gestileerde afbeelding. Asavari word getoon met 'n blink donker vel, versier met pou-vere en 'n halssnoer van goeie en skaars pêrels. Sy sit bo-op 'n heuwel. Sy het 'n slang uit sy gat gesleep en is op die punt om dit as gordel te gebruik.

Radha en Krishna 1590
Verf op papier – Rajputana. Illustreer 'n gedig, die Gita Govinda, wat Krishna se liefdesverhoudings met melkmeisies beskryf; van hulle was Radha die belangrikste. Krishna, een van die mees geliefde Hindoe-gode, word altyd met 'n blou vel vertoon. Details is treffend (pou en rand van visse, golwe en blomme). Soliede kleure in die agtergrond. Helderrooi fokus die aandag op die god en sy liefde.

Of enige ander voorbeelde van 'n skildery of beeldhouwerk.

ISLAMITIESE KUNS
Anders as Hindoe-kuns is Islamitiese kuns nie toegelaat om menslike of dieregestaltes uit te beeld nie. Hulle het meer op dekoratiewe vorms gefokus. Die Qu'ran is in Arabiese skrif geskryf, wat die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorms en patrone beïnvloed het. Gebruik Arabiese kalligrafie. Gekombineer met geometriese en blomme-ontwerpe. Gebruik van geometriese beginsels en weerspieël 'n gevoel van ritme in die komplekse herhaalde patrone – kan teruggevoer word na Arabiese belangstelling in wiskunde en astronomie. Godsdiens is 'n hoofinvloed op Islamitiese kuns.
Patrone – verwys na die idee om aardse voorwerpe te verdoesel sodat dit die aardse lewe kan transendeer. Gebruik vorms en patrone uit die Bisantynse kuns – het daarop uitgebrei. Beklemtoon die belangrikheid van eenheid, logika en orde. Die sirkel is die basis vir baie patrone. Het liniaal en kompas gebruik om patrone te skep.

Die student se eie keuse.

Voorbeeld 1. Die Taj Mahal by Agra is eintlik 'n praalgraf, gebou deur die Mughal Keiser Shah Jahan vir sy geliefkoosde vrou Mumtaz Mahal, juweel van die paleis, wat in 1632 dood is. Die Taj Mahal is 'n agtkantige gebou met 'n ui-vormige koepel bo-op, met 'n platform wat strek tot by vier hoekminarette. Die plan was nie nuut nie maar was gegrond op die grafkelder van Shah Hahan se oupagrootjie, Humayun. Die dramatiese verskil lê in die oorvloedige gebruik van 'n glansende wit marmer buitelaag wat die gebou ligter gemaak het en dit 'gelig' het, en wat dit ten spyte van die enorme grootte 'n droomkwaliteit gegee het. Die Jumna-rivier vloei aan die een kant van die Taj Mahal, en die hooffasade lê agter 'n pragtige formele tuin, afgewissel met waterstroompies, wat dalk 'n sleutelelement is in die gevoel van betowering wat generasies besoekers op die plek ervaar het.

Voorbeeld 2. Keramiekteëls (gedateer tussen die 14de en 15de eeu) met Arabiese teks. Die teks op die teëls lui: 'What excellent companions are happiness and good fortune'. Dit word verskeie kere herhaal. Die teëls is geskep as versiering vir 'n gebou. Kalligrafie was 'n basiese element van Islamitiese kuns, wat die geleentheid gebied het om ornamentele vorms daaruit te ontwikkel. Die Arabiese teks wat in die Qu'ran (heilige boek vir Islam) gebruik is, het die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorms en patrone beïnvloed. (2 × 10) (20)

3.2 Argitektuur en beeldhouwerk – gekoppel. Kan nie van argitektuur praat sonder om die oordadige beeldhouwerkversierings op die monumente in te sluit nie. Tempels het meestal 'n soort toring met komplekse graveerwerk/beeldhouwerk aan die buitekant. Groot nisse in die drie buitemure van die sanctum bevat beelde wat verskillende aspekte van die godheid uitbeeld. Eksterne mure en buiteportaal bevat ook beeldhouwerke. Alhoewel 'n Hindoe-temple aan die eer van 'n godheid opgedra is, is dit ook bedoel om die aanbidders te help om moksha te verkry. Mure bevat daarom beeldhouwerke wat die ander drie doelwitte van die lewe weerspieël – dit skep 'n beter begrip van die baie sensuele en sekulêre temas wat die mure van Hindoe-tempels versier.
Suid-Afrikaanse voorbeeld – Hare Krishna tempel, Chatsworth
Gebou in 1969. Grootste Hare Krishna tempel in Afrika. Oordadige versierings – marmerteëls, goudgetinte vensters, koperornamente, kristalkroonkandelare, goue beeldjies. Tempel ontwerp in die vorm van 'n lotusplant. Kleurvolle panele op die plafon – stel vorige tye van Lord Krishna voor. (10)

3.3 ISLAMITIESE MOSKEE
Soortgelyk aan Romeinse, Bisantynse en Persiese argitektuur – Moslems het die plekke in die 7de en 8ste eeu verower. Ook beïnvloed deur Chinese en Indiese argitektuur. Die koepel is gebou na die voorbeeld van die 'Church of the Holy Sepulchre'.
Komplekse mosaïek – soortgelyk aan Bisantynse kerke
Moorse boog – gewild in Islamitiese strukture
Kenmerkende motiewe – wiskundige patrone van geordende herhaling, boogstrukture, ritmiese patrone
Fraktale geometrie – sleutelgebruik

Gebruik ook kolomme, penante, boë, nisse en kolonnette
Byvoorbeeld Nizamiye-moskee – Midrand, Johannesburg.
Grootste moskee in die Suidelike Halfrond. Beslaan twee derdes van 'n hektaar. Planne is in Turkye ontwerp, maar is aangepas volgens Suid-Afrikaanse boustandaarde. Voltooi in 2012 – Argitektuur in Ottomaanse styl – Hoofkoepel 31 m hoog en 24 m breed – bedek met 48 ton lood. Vier bykomende halfkoepels en 21 kleiner koepels. EgteTurkse keramiek op die mure. Kalligrafie op die plafon. Vier minarette – 55 m hoog. 232 gebrandskilderde vensters. Kan tot 6 000 mense akkommodeer. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Geografiese posisie het bygedra tot die sukses van die antieke Egiptenare.
Egipte is omring deur 'n woestyn met die Nyl aan die een kant, die Mediterreense See aan die noordekant en die Rooi See aan die oostekant – bied beskerming teen invallers. Hulle het 'n beskermde lewe langs die Nyl-rivier gelei.
Was nie geïsoleerd nie – Was heeltemal aan die noordekant van die kontinent naby die Mediterreense See, wat maklike handel met ander nasies toegelaat het en voorspoed gebring het – handelsroete na en van Asië.
Verdeel in Bo-Egipte (suidelike Egipte – steil kranse en woestyn met small vrugbare strook) en Onder-Egipte (noordelike Egipe – breed en plat).
Woestyn het verseker dat artefakte bewaar is.
Nyl was 'n belangrik bron van water – landbou maak staat op jaarlikse vloede.
Gebruik natuurlike hulpbronne vir graftombes, klipbedekkings vir sy begraafplase.
Egipte het oor baie waardevolle natuurlike hulpbronne beskik wat die rykdom van die land verhoog het.
Sosiaal:
Gelei deur Farao – hiërargiese struktuur van gemeenskap – aangedui deur klere, haarstyle ens. (5)

4.2 4.2.1 Balseming – proses om die liggaam te bewaar vir die lewe na die dood.

4.2.2 Hiërogliewe – antieke Egiptiese skryfstelsel. Geskryf van links na regs, regs na links of bo na onder. Simbolies, figuratief of foneties.

4.2.3 Papirus – papier wat die Egiptenare van papirusriet gemaak het.

4.2.4 Politeïsme – die aanbidding van meer as een god.

4.2.5 Farao – die heerser oor Egipte.

(5 × 2) (10)

4.3 Egiptiese kuns was funksioneel omdat dit vir godsdienstige doeleindes geskep is. Is beïnvloed deur hulle onsigbare magte wat toeganklik gemaak kon word deur dit sigbaar uit te beeld. Het geglo in lewe na die dood.
Die koning is gesien as 'n hemelse wese. Graftombes en sarkofae is versier en is geskep vir die dood en die lewe na die dood. Beeldhouers het opdrag ontvang om die Koning se kop uit harde graniet te kap en dit in die grafkelder te sit waar niemand dit sien nie sodat dit sy doel kon dien en die Koning se siel in, en deur, die beeld lewend gehou kon word, ens.
Die onsterflike gees ka moes 'n gelykenis in die vorm van 'n prent of beeldhouwerk hê om na toe terug te keer.
Voorbereiding van 'n persoon vir lewe na die dood met tonele uit die daaglikse bestaan, dood, oorlog, hulle gode, ens. Dodemaskers het uitstekende vakmanskap getoon.
Gode is uitgebeeld rondom die Farao, byvoorbeeld Isis wat die voet van Tutankhamen se tweede doodskis beskerm. (5)

4.4 'n Klip wat in die dorp Rosetta (vertaal uit 'Rashid') aangetref is. Hiërogliewe is ontsyfer as gevolg van die ontdekking daarvan. Het inskripsies in Egiptiese hiërogliewe, Egiptiese Demotiese skrif en Griekse skrif gehad – 2 kon reeds geïnterpreteer word. Egiptiese kultuur, sosiale strukture en godsdiens was makliker om te verstaan omdat die betekenis van hiërogliewe verstaan is. Inskripsies op die Rosetta-klip was 'n kennisgewing wat in tempels geplaas is om sekere inligting aan priesters oor te dra. Is eerste deur die Fransman Champollion geïnterpreteer. (5)

4.5 Is gebou as 'n beskermende monument vir die gemummifiseerde koning en sy besittings. Dit het ook sy absolute mag gesimboliseer. Deur die eenvoudige geometriese vorm van die struktuur het dit die embleem geword van orde in die chaos van die woestyn se natuurlike omgewing. Die hiërogliewe-inskripsies van gebede en towerspreuke wat die mure van die grafkamers bedek versterk die idee dat die ewige welsyn van die Farao die hooffunksie was van die piramides. Die vier gelyke driehoeke van die piramide is presies uitgelê om in lyn te wees met die vier kardinale punte van die kompas. Dit is gebou op die westelike oewer van die Nyl waar die son elke dag 'sterf'. Nadat dit gebou is, is 'n blok bedek met 'n blink metaal bo-op die piramide geplaas. Die kante is oorspronklik met kalksteen bedek om dit 'n gladde oppervlak te gee.
Ware vorm van piramide – vierkantige basis – vier driehoekige kante wat in 'n punt eindig.
Beslaan 5,25 hektaar
Was 1478,5 m hoog
1,3 000 000 klipblokke wat elk 2,5 ton weeg
Koning se kamer in die hart van die piramide
Koningin se kamer onder dit
Groot Gallery – Gang wat na die Koning se kamer lei
2 skagte vir luggate
Die bewaarde liggame is binne-in geplaas (10)

4.6 Student se keuse
Byvoorbeeld 'Book of the Dead', Pharoah Mycerinus en sy vrou Khamerernebty, Ramesses II by Abu Simbel, sarkofaag van Tutankhamen (5)
[40]

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Die Parthenon (beteken 'the chamber of the virgin goddess') is een van die geboue wat wit marmer gebruik het in plaas van die kalksteen versterk met marmerpleisterkalk wat in baie ander tempels gevind word. Sy hoofdoel was om die beeld van Athena, die godin wat die stad Athene beskerm het, te huisves. Dit is 'n Doriese-orde-tempel wat 'n sentrale posisie op die Akropolis-heuwel inneem. Dit is breër as die ander Doriese-orde-tempels met agt kolomme in plaas van ses kolomme. Orde verwys na 'n soort kolom met 'n basis, skag, kapiteel en 'n entablement met 'n spesifieke styl aan die bokant, in hierdie geval Dories. Gebruik pilaar-en-lateiboutegniek in klipkolomme en entablement, wat hulle by die Egiptenare gekry het.
Die skatkamer bevat 4 Ioniese kolomme, wat ongewoon is. Nog 'n Ioniese kenmerk – beeldhouwerke op die fries wat al om die bokant geplaas is. Fries – horisontale strook, versier of gebeeldhou, tussen kolom en die dak.
Marmer is deurgaans gebruik. Geen messelklei gebruik om die blokke bymekaar te hou nie. Die tamboere van die kolomme word met lasse inmekaar gepas, en die blokke marmer vir die mure word met ysterklampe wat in gleuwe geplaas is, bymekaar gehou en met lood bevestig.
Bevat vrystaande pediment-figure. Die gebou word gesien as 'n perfekte balans tussen die humanistiese en idealistiese neigings wat die Griekse kunstenaars in hulle werk wou gebruik. (10)

5.2 5.2.1 Ordes – bestaan uit 'n kolom met 'n basis, skag, kapiteel en entablement versier volgens die spesifieke model, dws Dories, Korinties en Ionies (3)

5.2.2 Naos – 'n ommuurde heiligdom in 'n antieke Griekse tempel waarin 'n kultusbeeld geplaas is (2)

5.2.3 Entablement – in argitektuur is dit deel van 'n gebou tussen die kapitele van die kolomme en die dak. Dit sluit in die argitraaf, fries, kroonlyste en pediment (2)

5.3
- Geometriese tydperk – hoofsaaklik pottebakkerswerk en vase – geometriese ornamentele vorms gekombineer met menslike en dierefigure
- Argaïse tydperk – monumentale vrystaande beeldhouwerke met presies gedefinieerde gelaatstrekke
- Klassieke tydperk – voortreflike kuns wat nie so vereenvoudig is soos die vroeëre Griekse kuns nie
- Hellenistiese tydperk – groter tegniese vermoë en realisme in die voorstelling van individuele soorte mense (4 × 2) (8)

5.4 Die ontwikkeling van die Griekse kultuur is gegrond op 'n ondersoekende, wetenskaplike houding. Hulle het geglo dat die mens en sy intelligensie sentraal staan in hierdie filosofie van uitnemendheid. Elke persoon het die reg gehad om sy eie toekoms te bepaal. Demokrasie is nie konsekwent toegepas nie omdat hulle steeds slawe gehad het. Die kunste is aangemoedig. Daar was invloede as gevolg van invalle, byvoorbeeld deur Persië. Verskillende oorloë, nuwe belangstellings en nuwe uitkyk op dinge. (5)

5.5 Student se eie keuse van kunswerk
Byvoorbeeld die Kouros uit Tenea, 570BC, marmer - Kouros – beeldhouwerke van 'n naakte jong man. Vroeëre sienings – aanbidding sonder klere toon die mens sonder enige wêreldse besittings. Die Kouros – 1,52 m. Aangetref langs 'n graf – moontlik 'n grafmonument. Rigiede houding met die arms langs die lyf, hande vasgeklem, een voet effens voor die ander wat herinner aan Egiptiese beelde. Hy het 'n atletiese voorkoms. Gelaatstrekke is kenmerkend van die argaïese tydperk, insluitend 'n effense glimlag. Gestileerde lang hare. Hierdie beeldhouwerk toon 'n meer naturalistiese benadering as die ander kouros-beelde.
Voorbeeld 2. Discobolos – brons. Geskep deur die Griekse beeldhouer Myron. Naturalisties – figuur vasgevang in 'n oomblik van aksie. Bevry uit die rigiede houding van die Argaïese tydperk. Ideale realiteit van fisiese beweging is vasgevang. Die atleet word getoon op die moment net voor hy die swaar diskus vorentoe swaai om dit te laat gaan. Verspreiding van liggaamsgewig saam met die vorm van die spiere – 'n komposisie-effek wat deur die Grieke geskep is en *rhythmos* of patroon genoem word. Al is dit 'n aksiemoment lyk die gesigsuitdrukking emosieloos. Is beskou as 'n teken van krag en mag. (10)
[40]

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Vroeëre argitektuur gedomineer deur konstruksie van geboue vir godsdienstige doeleindes. Die Romeine se projekte gemik op die oplossing van praktiese probleme wat deel uitgemaak het van die lewe van alle burgers. Fokus was op sekulêre strukture, insluitend die ontwikkeling van akwadukte, paaie, brûe, rioolstelsels, openbare baddens en basilika's. Akwadukte voorsien drinkwater – gekoppel aan die binnenshuise rioolstelsels om water van die stede weg te lei. Het ook water aan badhuise voorsien. Die Romeinse openbare badhuise was 'n besondere ingenieursprestasie. Warm water is voorsien vanuit ondergrondse warm bronne, maar water moes verhit bly gedurende die dag. Een van die belangrikste bydraes was die Romeine se ontwikkelings wat betref die gebruik van boë, gewelwe en koepels. Die koepel is ontwikkel uit die skepping van die kruisgewelf. Hierdie stelsel laat toe dat die gewig na die steunmure oorgedra word. Ondersteunende kolomme was nie meer nodig nie. Daarna is kolomme as dekoratiewe elemente gebruik. Hulle het ook hulle eie soort beton ontwikkel om sterker mure te gee. Het ook 'n messelklei ontwikkel wat stadig droog word. Hulle kon nou groter ruimtes skep sonder enige ondersteuning aan die binnekant. (15)

6.2 Die Pantheon – Getuig van die Romeine se ingenieursvaardighede. Hierdie goed bewaarde tempel is gebou op die terrein van 'n vroeëre tempel wat ook, soos die Pantheon, aan alle gode toegewy is. Aan die voorkant van die gebou is daar 'n tradisionele reghoekige portaal met 'n ry kolomme. 16 kolomme is gemaak van rooi en swart Egiptiese graniet met basisse en kapitele van wit Griekse marmer. Oorspronklik het 'n arend die voorste driehoekgewel versier.
Die ontwerp van die hoofsaal in die vorm van 'n enorme rotonde is 'n simbool van wiskundige harmonie – die konstruksie daarvan was slegs moontlik as gevolg van die ontdekking van messelklei wat stadig droog word. Die rotonde is 'n kombinasie van 'n sirkel, 'n silinder en 'n sfeer. Dit is gebou met geometriese vorms. 7 nisse is toegewy aan 7 hemelse gode. Korintiese kolomme is binne en buite gebruik.
Die groot koepel is geskep met die gebruik van swaarder beton aan die onderkant. Materiaal het ligter geword na bo. Uiteindelik is 'n ligte, poreuse puimsteen reg aan die bokant gebruik.
Die sentrale kenmerk van die koepel word oculus (beteken oog) genoem – ronde opening. Enigste bron van lig aan die binnekant. Wanneer dit reën val water in die gebou en word herlei om by dreineerpype af te loop. (15)

6.3 Kies enige beeldhouwerk wat jy bestudeer het en bespreek dit in detail.
Student se eie keuse, byvoorbeeld Augustus van Prima Porta (10)
[40]

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Die plat houtplafonne van kerke in die vroeë Middeleeue is gereeld tydens militêre onrus afgebrand. Om die probleem teen te werk omdat dit 'n brandgevaar was, het hulle enkeltonnel-gewelwe met ronde diafragmaboë gebruik as ondersteuning. Uit klip gebou.
Regering toenemend meer stabiel. Hierdie rustige omgewing het mense die tyd gegee om op Kruistogte te gaan na die Heilige Land, of pelgrimstogte te onderneem na bedevaartplekke wat voorwerpe bevat wat betrekking het op heiliges. Hierdie konstante vloei van mense het 'n behoefte aan groter kerke geskep.
Kuns het staatgemaak op die beskerming van die kerk en sy finansieel magtige amptenare. Dit het die onderwerpe beïnvloed. Met die toenemende belangrikheid van die kerk was die hoofdoel van alle kuns om in diens te staan van die Christelike godsdiens, wat geregeer het. (10)

7.2 Gebrandskilderde vensters het die kuns van mosaïek of muurskilderye soos in vorige kerke te sien is, vervang. Die uitwerking van lig wat deur die verskeidenheid kleure skyn is inspirerend. Hierdie kleure word verkry deur minerale by gesmelte glas te voeg. Teen die lig lyk die glas deurskynend, terwyl die lood en yster waarmee stukke glas saamgevoeg is, ondeurskynende swart lyne word wat die figure omlyn. Die ontwerpe van die vensters is verwant aan die ontwerpe in mosaïek en manuskripilluminasie.
Soos by eksterne beeldhouwerke is die onderliggende tema van die vensters die toewyding van die kerk as 'n heiligdom van die Maagd Maria. Gildes wat die verskillende vakke verteenwoordig het al die vensters geskenk. (10)

7.3 Student se eie keuse (20)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8: RENAISSANCE-KUNS

8.1 Middeleeue – kunstenaars het opdragte ontvang van die Katolieke Kerk – streng riglyne oor die kunswerk. Kunstenaars is beskou as vakmanne – anoniem
Renaissance – opdragte nie net deur kerk gegee nie. Beskermhere van die kunste – die adel, handelaars, bankiers het ook opdragte gegee vir kunswerke. Groter buigsaamheid aan kunstenaars verleen vir produksie van hulle werk – het nuwe tegnieke en temas verken – hulle name was bekend – Michelangelo, da Vinci ens. was gesog op grond van hul kundigheid – integrale deel van die gemeenskap. (5)

8.2
- Proto-Renaissance – Giotto
- Vroeë Renaissance – Masaccio, Botticelli, Ucello, Mantegna, della Francesca
- Hoë Renaissance – da Vinci, Raphael, Michelangelo (3)

8.3
- Swart plaag – daar was meer rykdom om te verdeel tussen oorlewendes – kon aan luukse-artikels soos kuns spandeer word.
- Inval van Konstantinopel deur die Ottomaanse Turke – Griekse geleerdes het rolle uit Antieke Griekeland na Italië gebring wat 'n oplewing in die Humanisme teweeg gebring het.
- Uitvoer en Invoer – invloede uit die Ooste en Midde-Ooste op kunswerk, veral in argitektuur.
- Ontdekking van die Gutenberg-drukpers – massaproduksie van boeke – uitruil van inligting – meer mense opgevoed.
- Magsverskuiwing van die aristokrasie na die ryk finansiers, byvoorbeeld die Medici-familie – nie slegs godsdienstige kuns nie – sekulêre kuns nou ook gewild. (5)

8.4 Student se keuse. Byvoorbeeld werk van da Vinci, Michelangelo, Raphael (10)

8.5 Student se keuse. Byvoorbeeld werk van da Vinci, Michelangelo (10)

8.6 Student se keuse. Byvoorbeeld Parmigianino se 'Madonna with the Long Neck', Tintoretto se 'The Last Supper' (7)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: BAROK-KUNS

Student se keuse (2 × 20) **[40]**

VRAAG 10: ROMANTIESE KUNS, NEO-KLASSISISME EN REALISME

10.1 Romantiek – Met die Franse Rewolusie in 1789 en die einde van die monargie, het die kuns wat dit ondersteun het, ook geëindig. 'n Nuwe soort skilderkuns was nodig om die heroïsme van die Nuwe Republiek te vier. Het verskyn in reaksie op die ontnugtering met rede en orde ná die Franse Rewolusie van 1789. Anti-establishment-beweging. Gekenmerk deur dubbelsinnigheid, kompleksiteit en onsekerheid.

Neo-klassisisme – Politieke en sosiale strukture in Frankryk was in 'n kritieke toestand ná 1750 – staat was byna bankrot. Middelklas was moeg vir die onderdrukking deur die aristokrasie. Die Franse Rewolusie het begin tydens die ekstreme politieke en ekonomiese krisis in Frankryk in 1789. Onder die diktatorskap van Napoleon Bonaparte is 'n militêre mag in Europa losgelaat. Neo-klassisime – gekoppel aan politieke gebeure – amptelike styl van die nuwe regering. Met die uitgrawings in Italië van die ruïnes van Herculaneum in 1738 en Pompeji in 1748, het hulle na die 'edele eenvoud' en die 'kalme grootsheid' van die Grieks-Romeinse kuns begin kyk.

Realisme – Wou die toestande en swaarkry van die armes akkuraat uitbeeld – het gehoop om die gemeenskap te verander. Realisme het 'n strak beeld van armoede en wanhoop gebied. Die fokus is op die gewone mens. (10)

10.2 Studente se keuse
Romantiek – byvoorbeeld Goya, Gericault, Delacroix
Neo-klassisisme – byvoorbeeld Jacques-Louis David, Jean Auguste Ingres
Realisme – byvoorbeeld Jean-François Millet, Gustave Courbet
(3 × 10) (30)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou